“Ik ben beledigde en bedroogde”: Literêre herinnerings aan die Nederlandse dagboekskrywer Hendrik Witbooi (1830-1905) – Sonja Loots (sonja.loots@uct.ac.za)

Hendrik Witbooi, kaptein van die Witbooi-Namas, word beskou as een van die merkwaardigste figure in die geskiedenis van Namibië en word gehuldig as ’n simbool van Namibië se stryd om onafhanklikheid. Hy het veral oorlog teen die Herero’s gevoer en met die Duitse koloniseerders gebots. Tussen 1884 en 1893 het hy ‘n soort dagboek gehou waarin hy in Nederlands sy ervarings opgeteken en afskrifte van belangrike briewe gemaak het. Duitse magte onder bevel van majoor von Francois het op die dagboek beslag gelê toe hulle Hoornkrans, die vesting van Hendrik Witbooi, ingeneem het. Dit het behoue gebly en word in ’n argief in Namibië bewaar. In hierdie referaat fokus ek op die neerslag van herinnerings aan Hendrik Witbooi en sy Nederlandse dagboek in die werk van Nederlandse, Suid-Afrikaanse en Namibiese skrywers. Teen die agtergrond van Die Dagboek van Hendrik Witbooi. Kaptein van die Witbooi-Hottentotte 1884-1905 (1929) lees ek verwysings na Witbooi en sy leergebonde “Joernaal” in die Nederlandse romansier Conny Braam se Ik ben Hendrik Witbooi (2016) en Wij zijn de wrekers over dit alles (2020), die Namibiese skrywer Piet van Rooyen se Op soek na Witbooi (2011), die Suid-Afrikaanse romansiers W.A. de Klerk se Die gesel van Namaland (1954), Doc Immelman se Tweehonderd gewere (1965), A. Cilliers se Duisend gewere (1961) asook die rapsanger bekend as Hemelbesem se lied en video Witbooi (2020) vergelykend. Michael Rothberg se konsep “veelrigting-geheue”, en veral sy werk oor die rol van vergelykbare traumas in kollektiewe geheues, dien as die teoretiese raamwerk vir my ondersoek na die ooreenkomste en verskille tussen die maniere waarop Witbooi deur skrywers van Nederland, Namibië en Suid-Afrika gehuldig word.